higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

(Eerste vraestel)

**NKR VLAK 3**

(4101053)

**4 Maart 2020 (Y-vraestel)**
**13:00–15:30**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye en 1 addendum.**

.

252Q1S2004

Kopiereg voorbehou

**TYD: 2½ UUR**
**PUNTE: 150**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.

   AFDELING A: Leesbegrip
   AFDELING B: Opsomming
   AFDELING C: Visuele tekste
   AFDELING D: Funksionele taalgebruik
   AFDELING E: Kommunikasie in praktyk

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

6. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

7. Let op die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Trek 'n streep deur rofwerk wat nie nagesien moet word nie. As jy dit nie doen nie, word jou eerste poging nagesien.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: INTERNETARTIKEL

Lees en beantwoord die vrae.

**DINGE EN PLEKKE WAT JOU GRIEP GEE**
**deur Dr. Eugene Brink**

Herfs is hier en die eerste sarsie griep het alreeds op baie mense in Suid-Afrika toegeslaan.

Nie alleen ontwrig dit die roetines en lewens van gesinne en individue nie, maar ook die bedrywighede van maatskappye. Siek volwassenes is dikwels volkome hulpeloos, aangesien hulle by die werk agterraak, terwyl hulle ook na siek kinders moet omsien.

Daar is baie opinies oor die verkryging van 'n griepinspuiting aangesien daar baie griepstamme is. As dit vir jou werk en jy ten gunste daarvan is, laat jouself inspuit. Indien nie, bly weg. Dit is so eenvoudig en elkeen het sy eie voorkeure.

Daar is egter eenvoudiger alledaagse maniere om griep te vermy. Per slot van rekening, waar siek mense is, sal griepkieme oral verprei word. Die meeste mense is salig onbewus van hoe hulle griep mag opdoen. Hier volg 'n kort lysie van sommige van die dinge en plekke om te vermy sodra die griepseisoen aangebreek het:

1. **Koffiemasjiene en waterverkoelers op kantoor**
   Ons bestee 'n groot gedeelte van ons dag op kantoor en tydens die griepseisoen, tussen kollegas wat waarskynlik alreeds siek is. Alhoewel dit nie maklik of selfs moontlik is om die kantoor of jou kollegas te vermy as jy nie alreeds griep het nie, (die meeste mense is ook aansteeklik voordat hulle tekens daarvan toon en mag aanvanklik blakend gesond voorkom), is dit moontlik en raadsaam om dinge en plekke waar hierdie kieme vatplek mag kry, te vermy.

   Kieme hou van harde oppervlakke en kan in net twee tot vier ure hulle weg vind na 40 tot 60 persent van alledaagse oppervlakke in kantore, hotelle en gesondheidsorgfasiliteite,' sê Charles Gerba, 'n mikrobioloog aan die Universiteit van Arizona, wat 'n studie uitgevoer het oor hoe virusse in die werksplek versprei. Vermy dit ook om op iemand anders se sleutelbord te tik.

2. **Gangsitplekke op vliegtuie en in teaters (en ander volgepakte plekke)**
   Hierdie bron van griepkieme word dikwels die meeste oorgesien. Gerba sê jy moet dit verkieslik heeltemal vermy om hierdie sitplekke op vliegtuie, in treine en teaters aan te raak of daarop te sit aangesien hulle die meeste deur mense aangeraak word terwyl hulle probeer om hulle eie sitplekke te vind.

   Gesondheidsorgkundige Sonia Easaw sê volgepakte teaters en besige winkelsentrums moet so ver as moontlik vermy word. Sy beveel byvoorbeeld aan om oor naweke weg te bly van winkelsentrums. Dr. William Schaffner, 'n spesialis in aansteeklike siektes aan die Vanderbilt Universiteit, stem heelhartig saam. 'Vermy volgepakte plekke waar mense naby mekaar is, dikwels vir lang tye, soos winkelsentrums, vliegtuie, aanbiddingsplekke en konsertsale,' het hy gesê.

Kopiereg voorbehou 

3. **Openbare oppervlakke wat oortrek is met griepkieme**
Easaw sê daar is 'n magdom oppervlakke wat voortdurend deur mense aangeraak word soos byvoorbeeld die volgende:
- OTM'e
- Winkeltrollies
- Penne wat gebruik word om by 'n kasregister of in 'n restaurant te teken
- Deurknoppe en -handvatsels
- Handvatsels en ander oppervlakke in openbare vervoer

4. **Vloeibare seep en openbare kleedkamers en sout- en peperpotjies in restaurante**
Daar is een stuk toerusting wat verkieslik vermy moet word: seephouers. Die seep self kan met bakterieë besmet wees. Vermy hulle dus so ver as moontlik of bring jou eie ontsmettingsmiddel saam. Sout- en peperpotjies is ook gereeld skuldig.

Navorsers aan die Universiteit van Virginia het 30 mense ondersoek wat griepsimptome getoon het en hulle is gevra om 10 oppervlakke te identifiseer wat hulle in die vorige 18 uur aangeraak het. Alle sout- en peperpotjies wat deur die deelnemers uitgewys is, het positief getoets.

[Bron: *https://welstand.solidariteit.co.za/dinge-en-plekke-wat-jou-griep-gee/*]

1.1 Wie is die skrywer van hierdie artikel oor dinge en plekke wat jou griep gee? (1)

1.2 Volgens die skrywer bring die koms van herfs ook iets anders. Wat is dit? (1)

1.3 Sê of die volgende aanhaling WAAR of ONWAAR is. Staaf jou antwoord deur 'n sin uit die teks aan te haal.

*Alle mense moet hulle vir griep laat inspuit.* (2)

1.4 Noem TWEE dinge wat volgens die artikel deur griep ontwrig word. (2)

1.5 Wat word deur siek mense versprei? (1)

1.6 Wat is die maksimum getal uur wat griepkieme nodig het om te versprei? (1)

1.7 *'n Mens kan jou alreeds aansteek al lyk die persoon nog gesond*.

Stem jy saam met hierdie stelling? Antwoord slegs JA of NEE en staaf jou antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal. (2)

1.8 Watter werk doen Charles Gerba wat in hierdie artikel aangehaal word en waar werk hy? (2)

1.9 Watter sitplekke moet jy volgens Gerba op vliegtuie en in teaters vermy? (1)

1.10 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Staaf jou antwoord deur 'n sindeel uit die teks aan te haal.

*Dit is beter om jou inkopies in die griepseisoen tydens die naweek te doen.* (2)

1.11 Waarin het Dr. William Schaffner gespesialiseer? (1)

1.12 Noem TWEE van die oppervlakke waaraan mense gereeld raak. (2)

1.13 Watter stuk toerusting moet volgens die artikel heeltemal vermy word en watter alternatief moet jy liewer gebruik? (2)

1.14 Watter universiteit se navorsers het sout- en peperpotjies se oppervlakke ondersoek en hoeveel persone was deel van die ondersoek? (2)

1.15 Is die volgende stelling 'n FEIT of 'n MENING? Bewys jou antwoord.

Al die sout- en peperpotjies het griepkieme op gehad. (2)

1.16 Op watter oppervlakke kom kieme die meeste voor? (1)
**[25]**

**VRAAG 2: TYDSKRIFADVERTENSIE**

Bestudeer die tydskrifadvertensie wat as ADDENDUM by hierdie vraestel aangeheg is en beantwoord die vrae.

2.1 Op watter graad is hierdie advertensie gerig? (1)

2.2 Wat dink jy word in die opskrif van hierdie advertensie bedoel met die woorde 'Wees 100% reg vir jou matriekjaar'? (2)

2.3 Noem TWEE metodes waarmee die adverteerders die lesers se aandag in hierdie advertensie trek. (2)

2.4 Wat is by hierdie stel boeke ingesluit? (1)

2.5 Watter bekende en gewilde Afrikaanse tydskrif hanteer hierdie promosie? (1)

2.6 Hoeveel nuwe taalvraestelle is beskikbaar? (1)

2.7 Kyk weer na jou antwoord van VRAAG 2.6. Watter TWEE tale word in hierdie uitgawe behandel? (2)

2.8 Verbeel jou jy wil vir Rekeningkunde voorberei. Watter maand se uitgawe moet jy aanskaf? (1)

2.9 Watter nommer moet jy skakel om jou publikasie te bestel? (1)

2.10 Noem al die inligting wat jy na 32113 moet SMS as jy die publikasie wil bestel. (2)

2.11 Watter vak se inhoud gaan in Augustusmaand bespreek word? (1)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 3: TYDSKRIFARTIKEL

### INSTRUKSIES

Dit is noodsaaklik dat jou huis 'n veilige omgewing vir jou troeteldier is. Hier onder is 'n lys wat jy in gedagte moet hou om seker te maak jou huis is troeteldiervriendelik.

**ALGEMENE HUISHOUDELIKE GEVARE VIR JOU TROETELDIER**

In Suid-Afrika se warm klimaat het baie huise 'n swembad wat 'n gevaar vir troeteldiere kan inhou. Moet nooit jou babahondjie of bejaarde hond sonder toesig buite by die swembad los nie.

Sorg dat jou troeteldier nie toegang het tot jou motorhuis waar skerp voorwerpe en gevaarlike gifstowwe aangehou word nie. Sorg altyd dat motorhuisdeure toe is.

Indien jy moontlik jou tuin met kunsmis of onkruiddoder behandel, moet jy jou troeteldier vir 'n geruime tyd weghou. As jou troeteldier dit inkry kan dit ernstige mediese probleme veroorsaak.

Katte is nuuskierig en mal oor bokse en plastieksakke, maar jou kat mag dalk versmoor as hy in 'n plastieksak verstrengel raak. Sorg maar dat dit weggebêre word en hulle uit die versoeking gehou word.

Troeteldiere mag dalk dink dat elektriese proppe en koorde lekker speelgoed is. Hou dit weg deur die elektriese koorde vas te plak of te bedek waar moontlik. Die beste sal wees om dit weg te bêre as jy dit nie gebruik nie.

Katte en sommige honde geniet dit om by snaakse plekke water te drink. Die chemikalieë wat ons in die toilet gebruik kan moontlik gevaarlik wees. Al die inwoners in die huis moet altyd die toiletsitplek afslaan. Vuil water in dammetjies kan ook kieme bevat wat nadelig vir diere kan wees.

Skottelgoedwassers, tuimeldroërs, wasmasjiene en kaste se deure moet altyd toe bly. As jou troeteldier daarin beland, kan dit slegte nagevolge hê.

[Verwerk uit: *https:// www.epetstore.co.za/10-algemene-huishoudelike-gevare-vir-jou-troeteldiere/*]

Skryf SEWE wenke neer hoe om jou troeteldiere in en om jou huis veilig te hou.

- Skryf elke wenk as hoofgedagte in 'n goeie volsin neer.
- Skryf jou sinne puntsgewys ondermekaar van nommer 1 tot 7 neer.
- Laat 'n reël oop tussen sinne.
- Jou opsomming mag nie langer as 80 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde aan die einde van die opsomming aan. **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: LEES EN KYK

### VRAAG 4: VISUELE TEKSTE

Bestudeer die pamflet wat aan mense gegee word nadat hulle bloed geskenk het en beantwoord die vrae.




4.1 Watter organisasie versprei hierdie pamflet? (1)

4.2 Die opskrif van die pamflet is 'Was jy eerlik vandag?' Wat het hierdie persoon dan nou vandag gedoen dat hy hierdie pamflet ontvang het? (1)

4.3 Noem TWEE metodes waarop jy met hierdie organisasie in verbinding kan tree. (2)

4.4 Noem TWEE gevalle waarin jy hierdie organisasie dringend moet kontak. (2)

4.5 Wat doen die pasiënte wat moontlik jou bloed gaan ontvang? (1)

4.6 Wat word bedoel met die woorde dat jy as skenker vir mense die 'geskenk van die lewe' gee? (2)

4.7 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.7) in die ANTWOORDBOEK. Haal 'n sin uit die teks aan wat jou antwoord motiveer.

Persone ouers as 65 jaar kan slegs elke 80 dae bloed skenk. (2)

4.8 Noem TWEE wenke wat jy kan volg nadat jy bloed geskenk het. (2)


4.9 In watter kleur, dink jy, sal hierdie brosjure gedruk gewees het? Staaf jou antwoord. (2)

**[15]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 5: GRAFIESE VOORSTELLINGS**

Bestudeer die volgende grafiese voorstellings van psigiatriese siektes in Suid-Afrika en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: *www.grafika24.co.za*]

5.1 Wat word deur hierdie grafiese voorstelling verduidelik? (1)

5.2 Wie is die teikenmark vir hierdie grafiese voorstelling? Noem EEN groep mense wat daarby baat kan vind. (1)

5.3 Noem een wyse waarop die leser se aandag in hierdie grafiese voorstelling getrek word. (1)

5.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (5.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

Hierdie psigiatriese statistieke is slegs op Suid-Afrika van toepassing. Staaf jou antwoord deur EEN woord uit die teks neer te skryf. (2)

5.5 Hoeveel hospitaalbeddens is vir elke 100 000 psigiatriese pasiënte beskikbaar? (1)

5.6 Noem TWEE plekke waar pasiënte vir hulp gaan aanklop. (2)

5.7 Hoeveel mense in Suid-Afrika kies jaarliks selfdood? (1)

5.8 Wat is die hoofoorsaak van ongeskiktheid in die wêreld? (1)

5.9 Waaraan is die kruis links onder op die blad 'n simbool? (1)

5.10 5.10.1 Hoekom is psigiatriese gesondheid in S.A. so belangrik? (1)

5.10.2 Watter presentasie vorm die syfer in VRAAG 5.7 van alle onnatuurlike stertles in S.A? (1)

5.11 Watter prentjie/simbool word gebruik om tradisionele helers aan te dui? (1)

5.12 Hoeveel maatskaplike werkers is daar vir elke 200 000 persone beskikbaar? (1)
**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**AFDELING D: FUNKSIONELE TAALGEBRUIK**

**VRAAG 6: TYDSKRIFARTIKEL**

Voltooi die sinne in KOLOM A hier onder deur die instruksies in KOLOM B uit te voer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.33) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B | |
|---|---|---|
| **Werkswinkel vir jong liedjieskrywers aan Lucas Maree opgedra** | | |
| Vir die (6.1 onbekende) troebadoer (Lucas Maree was musiek soos water. Dit is buigsaam en sal kan buig en vorm sodat dit | 6.1 Gee die antoniem. | (1) |
| 'n teepot tot by die (6.2 tyt/tuit) kan | 6.2 Kies die korrekte spelling. | (1) |
| (6.3 volmaak). So vertel Jannie du Toit, musikant en jare lange vriend | 6.3 Gebruik in 'n sin sodat dit iets anders beteken. | (2) |
| (6.4 ...) Lucas. | 6.4 Vul die ontbrekende voorsetsel in. | (1) |
| Die ontslape (6.5 liedjie + skrywer) is wyd | 6.5 Vorm 'n samestelling. | (1) |
| bekend vir sy besonderse (6.6 gawe) om musiek en teks bymekaar te bring, en vanjaar sal graad 11- en graad 12 | 6.6 Gee die werkwoord van 'gawe'. | (1) |
| (6.7 kinders wat skoolgaan) die geleentheid kry om hul eie liedjieskryfvaardighede by die Lucas Maree-liedjiewerkswinkel in | 6.7 Gee een woord vir die omskrywing. | (1) |
| (6.8 pretoria) te toets. | 6.8 Verbeter die skryfwyse. | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die werkswinkel word aan hom opgedra (6.9 ...) sy bydrae tot die Afrikaanse taal en die (6.10 musiekindustrie) en word moontlik gemaak deur die (6.11 ATKV) en die (6.12 *Atterbury Trust)*, met die ondersteuning van Afrikaans Hoër Seunskool. | 6.9<br>6.10<br>6.11<br>6.12 | Voeg die korrekte voorsetsel in.<br>Gee die meervoudsvorm.<br>Skryf die afkorting volledig uit.<br>Hoekom is hierdie woorde kursief gedruk? | (1)<br>(1)<br>(2)<br>(2) |
| (6.13 **Jannie en Lucas se paaie kruis**) | 6.13 | Verduidelik die uitdrukking. | (2) |
| Dit was in hul dienspligjaar toe Jannie gehoor het van Lucas Maree, die man met die (6.1.4 goue vingers) wat 'n kitaar soos min kon tokkel. | 6.14 | Is dit figuurlik of letterlik bedoel? | (2) |
| (6.15 'Lucas was in 1970 deel van die Suid-Afrikaanse Lugmag se koor- en konsertgroep,' vertel Jannie.) | 6.15 | Skryf in die indirekte rede. | (2) |
| 'Ek het hom by 'n (6.16 liedjie-aand) in 1981 ontmoet. Ons was geesgenote. | 6.16 | Gee die funksie van die koppelteken. | (1) |
| (6.17 Ons het dieselfde oor musiek gedink.') | 6.17 | Skryf in die ontkennende vorm. | (1) |
| Die 'Ek sou kon doen met 'n (6.18 miljoen')-sanger het vir 'n groot gedeelte van sy loopbaan in Engels in | 6.18 | Skryf die woord in syfers. | (1) |
| (6.19 kroeg) en restaurante in Pretoria gesing. | 6.19 | Gee die meervoudsvorme. | (1) |
| 'Dit was (6.20 ...) een van ons veelgeroemde liedjie-aande in | 6.20 | Vul die korrekte voorsetsel in. | (1) |
| (6.21 Margaretastraat), Pretoria,' sê Jannie. | 6.21 | Afkorting vir straat | (1) |
| 'Lucas het vir Coenie de Villiers hoor sing en besluit: 'As Afrikaans (6.22 só) kan klink, gaan ek ook probeer''. | 6.22 | Wat is die funksie van die akuutteken? | (1) |
| In 1984 het Lucas sy eerste (6.23 album) (6.24 *Kiekies)* opgeneem en Jannie was in die (6.25 tydloos) liedjie *Victoriabaai* te hoor. | 6.23<br>6.24<br>6.25 | Gee die verkleiningsvorm.<br>Gee 'n sinoniem.<br>Korrekte vorm van die woord. | (1)<br>(1)<br>(1) |
| Vir Jannie is een van die grootste (6.26 mylpale) saam met Lucas die album, *Koos se Plaat*, wat hy, Coenie, Lucas en Nick Taylor aan Koos du Plessis opgedra het. | 6.26 | Gee 'n sinoniem | (1) |
| 'Lucas het 'n groot waardering vir (6.27 teks) en musiek gehad. (6.28 Daarom het hy 'n groot waardering vir Koos gehad). | 6.27<br>6.28 | Gee 'n sinoniem.<br>Skryf in die ontkennende vorm. | (1)<br>(1) |
| Lucas het nie van (6.29 platvloerse) musiek gehou nie.' | 6.29 | Is die betekenis letterlik of figuurlik? | (1) |

| **Lucas, Jannie en die ATKV vat hande** | | |
|---|---|---|
| Lucas en Jannie was betrokke by die ATKV se liedjieskryfskool en het (6.30 sedert) 1987 vir dekades lank (6.31 jong) talent gehelp vorm. | 6.30 Gee 'n sinoniem.<br>6.31 Gee die intensiewe vorm van die woord. | (1)<br>(1) |
| (6.32 Volgens Jannie was hy en Lucas tydens sy tyd by die liedjieskryfskool baie op die **dubbelnegatief** ingestel.) | 6.32 Verander die stelsin na 'n vraagsin. | (2) |
| Lucas sou vir enige (6.33 aspirant) sê: 'Gaan sit en skryf net.' | 6.33 Verduidelik die betekenis van die woord. | (1) |

[Verwerk uit: *https:www.atkv.org.za /nuus*]

**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

**AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK**

**VRAAG 7: VERGADERINGSTEORIE**

7.1 Verduidelik die verskil tussen openbare en private vergaderings en gee 'n voorbeeld van beide 'n openbare en 'n private vergadering. (2 × 2) (4)

7.2 Die voorsitter van 'n vergadering het baie take en pligte.

Noem VIER take wat 'n voorsitter tydens 'n vergadering moet uitvoer. (4)

7.3 Die sekretaresse van 'n vergadering staan die voorsitter by.

Noem TWEE van sy of haar belangrike take VOOR die vergadering begin. (2)

7.4 Kies die vergaderingsterme uit KOLOM B wat by die beskrywing of voorbeeld in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (7.4.1–7.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.4.1 | Persoon wat 'n voorstel sekondeer | A | kennisgewing |
| 7.4.2 | Formele voorstel wat aan die vergadering vir bespreking of stemming voorgelê word | B | sekondant |
| 7.4.3 | Aankondiging dat 'n vergadering gehou gaan word | C | mosie |
| 7.4.4 | Reëls en regulasies van 'n organisasie | D | afsluiting |
| 7.4.5 | Die afsluiting van die vergadering deur die voorsitter as alles op die agenda bespreek is | E | grondwet |

(5 × 1) (5)

7.5 Die sekretaresse stuur die kennisgewing van 'n vergadering uit. Daar is sekere inligting wat in die kennisgewing moet verskyn.

Kies DRIE van daardie items wat in die kennisgewing moet verskyn uit die woorde hier onder en skryf die woorde langs die vraagnommer (7.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

Tipe vergadering
Klousule
Datum
Plek
Eetgoed
Resolusie
Stembriefie (Enige 3 × 1) (3)

**[18]**

## VRAAG 8: ONDERHOUDSVOERING

8.1 Volgems die spreekwoord maak die vere die voël. Dit beteken jou kleredrag maak ook 'n spesifieke indruk tydens 'n werksonderhoud.

Gee VIER wenke wat jy in gedagte moet hou wanneer jy jou klere vir 'n werksonderhoud kies en jouself daarvoor gereed maak. (4)

8.2 Die onderhoudsvoerder speel 'n belangrike rol tydens enige onderhoud.

Noem DRIE dinge wat 'n onderhoudsvoerder tydens 'n onderhoud moet doen. (3)

8.3 Kies die korrekte onderhoudsvrae uit KOLOM B wat by die beskrywing of voorbeeld in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (8.3.1–8.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.3.1 | Hoekom het jy gekies om in Goodwood te woon? | A | hipotetiese vraag |
| 8.3.2 | Wat is jou identiteitsnommer? | B | ope vraag |
| 8.3.3 | Wat sal jou optrede wees as ek jou vra om vir my vrou 'n moedersdag geskenk te gaan koop? | C | geslote vraag |
| 8.3.4 | Ek dink nie 'n man behoort kraam-verlof te kry indien sy vrou 'n baba gehad het nie. Dink jy nie ook so nie? | D | spesifieke vraag |
| 8.3.5 | Het jy 'n bestuurslisensie? | E | leidende vraag |

(5 × 1) (5)
**[12]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

**ADDENDUM**

**VRAAG 2: TYDSKRIFADVERTENSIE**

